Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES V1

## MODEL 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## NOTAS VIR NASIENERS

**INLEIDING**

Die notas vir nasieners word verskaf vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners regdeur die land
(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel: :

| | |
|---|---|
| Nasiener: | Rooi |
| Senior Nasiener: | Groen |
| Adjunkhoofnasiener: | Bruin |
| Hoofnasiener: | Pienk |
| Interne moderator: | Oranje |
| DBE-moderator: | Turkoois |

2. Kandidate se antwoorde op AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang

3. 'n Omvattende nasienriglyn word verskaf, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:

   - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
   - Uit 'n ander betroubare bron kom
   - Oorspronklik is
   - 'n Ander benadering gebruik

   **LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.**

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde wat deur kandidate verskaf word en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik

6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.

7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.

11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

   11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief***: 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge.*'√

   11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word op lang siviele hofgedinge, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie. '√

**LET WEL:** 1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

   12.1 Adviseer (Gee raad), noem, beskryf in breë trekke, motiveer, aanbeveel, stel voor, *(lys nie volledig nie)* vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

   12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/ toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, regverdig, ontwerp, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

13. Sien slegs die EERSTE antwoord na wanneer kandidate meer as een antwoord gee vir vrae in AFDELING B en C wat net een antwoord vereis.

14. **AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek of gebruik die woord 'Kanselleer'.

**LET WEL:** Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

14.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyne)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyne gegee om die toekenning van punte te vergemaklik

ÉcoleBooks

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyne toegeken

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. **AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

<table>
<tr><td>Inleiding</td><td rowspan="3">Maksimum:<br>32</td></tr>
<tr><td>Inhoud</td></tr>
<tr><td>Gevolgtrekking</td></tr>
<tr><td>Insig</td><td>8</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td>40</td></tr>
</table>



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

| | | |
|---|---|---|
| Struktuur/Uitleg | Is daar 'n inleiding, inhoud en 'n gevolgtrekking? | **2** |
| Ontleding en vertolking | Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?<br><br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A')<br>Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A') | **2** |
| Sintese | Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is?<br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Geen relevante feite: 0 (Twee '-S')<br>'n Paar relevante feite: 1 (Een '-S')<br>Slegs relevante feite: 2 (Geen '-S')<br>Opsie 1: Waar 'n kandidaat 50% of meer van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe.<br>Opsie 2: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.<br>Opsie 3: Waar 'n kandidaat minder as 50% van die vraag met geen relevante feite beantwoord het, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT toe vir sintese. | **2** |
| Oorspronklikheid | Is daar bewyse van voorbeelde gebaseer op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings? | **2** |
| | **TOTAAL VIR INSIG:** | **8** |
| | **TOTALE PUNTE VIR FEITE:** | **32** |
| | **TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):** | **40** |

**LET WEL:**

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn met 'n simbool aan bv. ('S, A, S en/of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyne vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.

15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan:
S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid soos in die tabel hieronder aangedui.

| **INHOUD** | **PUNTE** |
|---|---|
| Feite | **32 (maks)** |
| S | **2** |
| A | **2** |
| S | **2** |
| O | **2** |
| **TOTAAL** | **40** |

15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.

ÉcoleBooks

15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

15.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie, waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' √

Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

15.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1
1.1.1 B√√
1.1.2 D√√
1.1.3 A√√
1.1.4 C√√
1.1.5 B√√

(5 x 2) **(10)**

1.2
1.2.1 likwidasie√√
1.2.2 strategie√√
1.2.3 werwing√√
1.2.4 administrasie√√
1.2.5 voortdurende verbetering van prosesse en stelsels√√

(5 x 2) **(10)**

1.3
1.3.1 E√√
1.3.2 J√√
1.3.3 F√√
1.3.4 I√√
1.3.5 A√√

(5 x 2) **(10)**

ÉcoleBooks

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 1 | PUNTE |
|---|---|
| 1.1 | 10 |
| 1.2 | 10 |
| 1.3 | 10 |
| TOTAAL | 30 |

**AFDELING B**

**Sien slegs die EERSTE TWEE antwoorde na.**

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**

2.1 **Soorte diversifikasiestrategieë**
- Konsentriese √
- Horisontale √
- Konglomerasie √

**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.** **(2 x 1) (2)**

2.2 **Rol van SOOO's (SETAs)**
- Ontwikkel sektorvaardigheidsplanne binne die raamwerk van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie.√√
- Stel vaardigheidsontwikkelingsplanne op vir hul spesifieke ekonomiese
- sektore.√√
- Keur vaardigheidsplanne en jaarlikse opleidingsverslae goed.√√
- Ken toelaes toe aan werkgewers, onderwys- en opleidingverskaffers.√√
- Betaal toelaes uit aan maatskappye wat voldoen aan die vereistes van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.√√
- Monitor/Evalueer werklike opleiding deur diensverskaffers.√√
- Bevorder en vestig leerderskappe.√√
- Registreer leerderskap-ooreenkomste/leerprogramme.√√
- Voorsien opleidingsmateriaal/-programme vir vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerders.√√
- Voorsien akkreditasie vir vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerders.√√
- Hou toesig oor opleiding in verskillende sektore in SA se ekonomie.√√
- Bevorder leerderskappe en leerprogramme deur gepaste werksplekke vir praktiese werksondervinding te identifiseer.√√
- Vorder heffings in en betaal toelaes uit soos benodig.√√
- Doen verslag aan die Direkteur-Generaal.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met die rol van SOOO's/SETAs in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling verband hou. **Maks (8)**

2.3 **Verlofbepalings**
2.3.1 Kraamverlof√√
2.3.2 Jaarlikse verlof√√
2.3.3 Gesinsverantwoordelikheidsverlof√√

**(6)**

2.4 **Porter se Vyf Kragte/Magte**
2.4.1 **Bedingingsmag van kopers/Kopersmagte**
- Besigheid moet bepaal hoe maklik dit vir hul kopers/klante is√ om pryse afwaarts te dwing.√
- Dit sal afhang van die aantal kopers/ie belangrikheid van elke koper vir die besigheid√ en die oorskakelingskoste na ander produkte.√
- 'n Paar sterk kopers√ kan dikwels hul terme aan die besigheid voorskryf.√
- Kopers wat op grootmaat koop√ kan vir pryse in hul guns onderhandel.√
- As klante sonder die besigheid se produkte kan klaarkom√, het hulle meer mag om pryse en verkoopsvoorwaardes te bepaal.√
- Besighede behoort marknavorsing te doen√ om meer inligting rakende hul kopers te bekom.√


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



- Enige ander relevante antwoord wat met bedingingsmag van kopers as 'n Porter Vyf-krag/mag verband hou. **Maks (4)**

2.4.2 **Mededingende wedywering/Mag van mededingers**

- Indien mededingers unieke produkte/dienste lewer√, sal hulle 'n groter mag/impak op die mark hê.√
- Die besigheid moet 'n mededingersprofiel van elke soortgelyke besigheid in die omgewing saamstel√, om hulle eie mag/krag te kan bepaal√/Besighede behoort te bepaal hoeveel mededingers daar is√ en hoe invloedryk hulle in die mark is.√
- As daar baie mededingers met soortgelyke produkte is√, sal die besigheid min mag/krag in die mark hê.√
- Sommige besighede het die nodige hulpmiddele om prysoorloë te begin√ en kan aanhou om teen 'n verlies te verkoop totdat ander mededingers die mark verlaat.√
- Enige ander relevante antwoord wat met mededingende wedywering as 'n Porter Vyf krag/mag verband hou.

**Maks (4)**

2.5 **PESTWO('PESTLE')-ANALISE**

| **UITDAGING (2.5.1)** | **PESTWO-ELEMENT (2.5.2)** | **AANBEVELINGS (2.5.3)** |
|---|---|---|
| **1.** Die wins-gewendheid van die besigheid het weens hoë inflasie afgeneem.√ | Ekonomies√√ | • Verlaag die winsmarge/winsgrens.√√<br>• Verminder onnodige uitgawes.√√<br>• Enige ander relevante aanbeveling wat verband hou met hoe MJM hoë inflasie as 'n ekonomiese uitdaging kan hanteer.<br>Submaks (2) |
| **2.** MJM is 'n swaar boete opgelê omdat hulle nie betyds hul handelslisensie hernu het nie. √ | Wetlik/ Wetgewing√√ | • Hernu die handelslisensie betyds.√√<br>• Hersien die administratiewe klerk se posbeskrywing.√√<br>• Teken die hernuwingsdatum in 'n dagboek aan en volg op met administratiewe klerk.√√<br>• Enige ander relevante aanbeveling wat verband hou met hoe MJM aan wetgewing as 'n uitdaging kan voldoen.<br>Submaks (2) |
| **Maks (2)** | **Maks (4)** | **Maks (4)** |

**LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
**2. Moet nie punte toeken vir uitdagings wat nie uit die scenario aangehaal is nie.**
**3. Moet nie punte toeken vir PESTWO-elemente indien hul nie verband hou met die uitdagings nie.**
**4. Ken punte toe vir die PESTWO-elemente selfs indien die aanhaling onvolledig is.**
**5. Aanbevelings moet met die geïdentifiseerde uitdaging verband hou.**
**6. Die uitdagings kan in enige volgorde wees.**

2.6 **Praktiese maniere waarop besighede aan die NKW kan voldoen**

- Besighede behoort by die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) te registreer.√√
- Voorsien pre-ooreenkomsstate aan aansoekers.√√
- Maak alle koste van 'n lening bekend/Geen versteekte koste behoort gehef/ bygetel te word nie.√√
- Verkry kredietrekords/Gaan kredietagtergrond van klante na voordat lenings toegestaan word.√√
- Dien jaarlikse voldoeningsverslae by die NKR in.√√
- Doen kredietwaardigheidsassesserings om te verseker dat klante wel hul verpligtinge sal kan nakom.√√
- Doen 'n kredietondersoek by 'n geregistreerde kredietburo en kan ook die Nasionale Kredietregister raadpleeg. √√
- Kredietverskaffers moet prosedures in plek hê om aan die bepalings van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum (FICA) te voldoen.√√
- Verifieer die identiteit van kliënte, rapporteer verdagte transaksies / lei personeel op hul verpligtinge ingevolge FICA.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met praktiese maniere hoe besighede aan die NKW kan voldoen, verband hou.

**LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.** **(3 x 2) (6)**
**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 2 | PUNTE |
|---|---|
| 2.1 | 2 |
| 2.2 | 8 |
| 2.3 | 6 |
| 2.4 | 8 |
| 2.5.1 | 2 |
| 2.5.2 | 4 |
| 2.5.3 | 4 |
| 2.6 | 6 |
| TOTAAL | 40 |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 **Aspekte wat by die indiensnemingskontrak ingesluit moet word**

- Persoonlike besonderhede van die werknemer.√
- Besonderhede van die besigheid/werkgewer, bv. naam/adres, ens.√
- Postitel/Posisie.√
- Posbeskrywing.√
- Posspesifikasie.√
- Datum van indiensneming/Aanvangsdatum.√
- Plek waar werknemer meeste van sy/haar werkstyd sal spandeer.√
- Werksure, bv. gewone tyd/oortyd.√
- Vergoeding, bv. weekliks of maandelikse betaling.√
- Voordele/Byvoordele/Toelaes√
- Verlof, bv. siek-/kraam-/jaarlikse/aannemingsverlof.√
- Werknemer aftrekkings (verpligtend/nie-verpligtend).√
- Termyn van die kontrak/Besonderhede van beëindiging.√
- Proeftydperk.√
- Handtekeninge van beide die werkgewer en werknemer.√
- Lys van dokumente wat deel van die kontrak vorm, bv. aanstellingsbrief/ gedragskode/etiese kode.√
- Dissiplinêre beleid, bv. reëls en dissiplinêre prosedures vir onaanvaarbare gedrag.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die inhoud van die indiensnemingskontrak verband hou.

**LET WEL: 1. Sien slegs die eerste VIER (4) na.**
**2. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt toe vir elke aspek waar voorbeelde as aanbevelings gebruik word.**

**(4 x 1) (4)**

3.2 **Doel van induksie as 'n menslikehulpbronaktiwiteit**

- Stel nuwe werknemers bekend aan bestuur / kollegas om verhoudings met mede-kollegas op verskillende vlakke te vestig.√√
- Skep geleenthede vir nuwe werknemers om verskillende afdelings te ervaar / verken. √√
- Verduidelik veiligheidsregulasies en -reëls sodat nuwe werknemers hul rol / verantwoordelikhede in hierdie verband sal verstaan. √√
- Kommunikeer inligting oor die produkte / dienste wat deur die besigheid aangebied word. √√
- Gee nuwe werknemers die geleentheid om vrae te vra wat hulle sal gerus stel/op hul gemak stel/stres bekommernisse /onsekerheid sal verminder. √√
- Verwelom nuwe werknemers deur hulle aan hul fisiese werkruimte bekend te stel. √√
- Gee nuwe werknemers 'n toer /inligting oor die uitleg van die gebou / kantoor. √√
- Bekendstelling van nuwe werknemers met die organisasiestruktuur / hul toesighouers √√
- Verbeter vaardighede deur indiensopleiding. √√
- Verseker dat werknemers hul rolle / verantwoordelikhede verstaan sodat hulle meer effektief / produktief sal wees. √√
- Kommunikeer besigheidsbeleid ten opsigte van etiese / professionele gedrag / prosedures / dienskontrak / diensvoorwaardes, ens. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van induksie.

**Maks (6)**

3.3 **Salarisbepalingsmetodes**

**Stukwerk**√√

- Werkers word betaal volgens die aantal items/eenhede wat geproduseer word/ aksie uitgevoer.√
- Werkers word nie vergoed vir die aantal ure gewerk nie, ongeag hoe lank dit nodig is om die items te maak.√
- Meestal gebruik in fabrieke veral in die tekstiel-/tegnologiebedrywe.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met stukwerk as ŉ salarisbepalingsmetode.

Metode (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

**Tydverwante**√√

- Werkers word betaal vir die hoeveelheid tyd wat hulle spandeer op die werk/ op 'n taak.√
- Werkers met dieselfde ondervinding/kwalifikasies word op salarisskale betaal ongeag die hoeveelheid werk wat gedoen word.√
- Baie private en openbare ondernemings gebruik hierdie metode.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met tydverwant as ŉ salarisbepalingsmetode.

Metode (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.** **Maks (6)**

3.4 **Rol van die onderhoudvoerder en aansoeker vanuit die scenario**

| ROL | AANHALINGS |
|---|---|
| Onderhoudvoerder | 1. Kandidate het dieselfde hoeveelheid tyd gekry.√<br>2. Elzette het al die kandidate se antwoorde opgeneem.√ |
| | Submaks (2) |
| Aansoeker/Kandidate | 1. Alle kandidate het selfvertroue getoon.√<br>2. Sommige kandidate het vrae gevra om duidelikheid te verkry. √ |
| | Submaks (2) |

**LET WEL : Ken slegs punte toe vir antwoorde wat uit die scenario aangehaal is.** **Maks (4)**

3.5 **Impak van TGB wat swak deur besighede geïmplementeer is**

- Stel onrealistiese spertye√ wat nie bereik kan word nie.√
- Werknemers is nie voldoende opgelei nie√ wat tot lae gehalte produkte lei.√
- Afname in produktiwiteit√, as gevolg van onderbrekings.√
- Besighede kan nie die nodige veranderinge maak√ om die behoeftes van die klante te bevredig nie.√
- Die reputasie van die besigheid√ kan skade lei as gevolg van foutiewe produkte.√
- Klante sal baie alternatiewe hê om van te kies√ en die invloed kan vernietigend vir die besigheid wees.√
- Beleggers kan hul beleggings onttrek√, indien daar 'n afname in winste is.√
- Swak publisiteit√ as gevolg van lae gehalte produkte verskaf.√
- Afname in verkope√, omdat terugsendings van ontevrede klante verhoog.√
- Hoë personeelomset√ as gevolg van swak vaardigheidsontwikkeling.√



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- Ongedokumenteerde gehaltebeheerstelsels/-prosesse√ kan lei tot foute in/afwykings van voorafbepaalde gehaltestandaarde.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die negatiewe invloed as gevolg van swak geïmplementeerde TGB verband hou. **Maks (6)**

3.6 **Totale Gehaltebestuur**

3.6.1 **Voordele van 'n goeie gehaltebestuurstel in die scenario**

- Sy het aangedui dat haar werknemers gereeld opleiding ontvang. √
- Tyd en hulpbronne word ook effektief gebruik. √

**LET WEL: 1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
**2. Ken slegs punte toe vir antwoorde wat aangehaal is uit die scenario. (2 x 1) (2)**

3.6.2 **Ander voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel**

- Doeltreffende diens sal aan klante gelewer word√, wat lei tot verhoogde klante-tevredendheid.√
- Produktiwiteit verhoog√ as gevolg van behoorlike tydsbestuur/gebruik van hoë gehalte hulpbronne.√
- Produkte/Dienste√ verbeter deurlopend.√
- Visie en missie/Ondernemingsdoelwitte√ kan bereik word.√
- Mededingende voordeel kan verkry word√ bo mededingers.√
- Werkgewers en werknemers sal 'n gesonde werksverhouding hê√ wat lei tot gelukkige werknemers.√
- Groter markaandeel/winsgewendheid√ kan lei tot die besigheid se groei/uitbreiding.√
- Verbeterde beeld van die besigheid√, want daar is minder defekte/foutiewe produkte/terugsendings.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.

**LET WEL: Geen punte word vir die motivering toegeken vir antwoorde in VRAAG 3.6.1 aangehaal. Max(6)**

3.7 **Maniere hoe TGB die koste van kwaliteit kan verlaag**

- Stel gehaltesirkels/klein groepe van vyf of tien werkers in plek, wat gereeld bymekaarkom om metodes, waarop hulle hul werk kan verbeter, te bespreek.√√
- Skeduleer aktiwiteite om duplisering van take uit te skakel.√√
- Deel verantwoordelikheid vir gehalte-uitsette tussen bestuur en werknemers.√√
- Lei werknemers op alle vlakke op, sodat elkeen sy/haar rol in gehaltebestuur verstaan.√√
- Ontwikkel werkstelsels wat werknemers bemagtig om nuwe maniere vir gehalte-verbetering te vind.√√
- Werk baie nou saam met verskaffers om die gehalte van grondstowwe/ insette te verbeter.√√
- Verbeter kommunikasie rondom gehalte uitdagings/afwykings, sodat elkeen uit ondervinding kan leer.√√
- Verminder belegging in duur, maar ondoeltreffende inspeksieprosedures in die produksieproses.√√
- Implementeer proaktiewe onderhoudsprogramme vir toerusting/ masjinerie om produksieonderbrekings te verminder/uit te skakel.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere hoe TGB die koste van kwaliteit kan verlaag. Maks (6)

**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 3 | PUNTE |
|---|---|
| 3.1 | 4 |
| 3.2 | 6 |
| 3.3 | 6 |
| 3.4 | 4 |
| 3.5 | 6 |
| 3.6.1 | 2 |
| 3.6.2 | 6 |
| 3.7 | 6 |
| TOTAAL | 40 |

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 **Verbruikersregte**
4.1.1 Reg om te kies√√
4.1.2 Reg tot privaatheid en konfidensialiteit√√
4.1.3 Reg tot gelykheid in die verbruikersmark √√

**(6)**

4.2 **Besigheidsomgewings en mate van beheer**

ÉcoleBooks

| BESIGHEIDSOMGEWINGS | MATE VAN BEHEER |
|---|---|
| 1. Mikro-omgewing√ | Volle beheer √ |
| 2. Markomgewing √ | Sommige/beperkte/Min beheer√√ |
| 3. Makro-omgewing√ | Geen beheer√ |
| Submaks (3) | Submaks (3) |

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste DRIE (3) na.**
2. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
3. **Ken punte toe vir die besigheidsomgewing al is die mate van beheer nie aangedui nie.**
4. **Die mate van beheer moet aan 'n besigheidsomgewing gekoppel wees.**

**Maks (6)**

4.3 **Wetgewing**
4.3.1 Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes/COIDA√√ **(2)**

4.3.2 **Diskriminerende aksies in terme van COIDA**
- Werkgewers wat werknemers omkoop om nie 'n ongeluk/besering aan te meld nie.√√
- Verskaffing van valse inligting oor vorige, ernstige ongelukke/beroepsiektes.√√
- Werkgewers wat nie tot die Vergoedingsfonds bydrae nie.√√
- Werkgewers wat verhoed dat eise vir beserings ingedien word, diskrimineer teen beseerde werknemers.√√
- Werkgewers wat te lank neem om eise te prosesseer/die eisproses probeer vertraag.√√



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



- Vergoeding wat afgetrek word van enige skuld wat die persoon het wat geregtig is op die vergoeding.√√
- Enige ander relevante antwoord wat met diskriminerende aksies onder 'COIDA' verband hou.

**Maks (6)**

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.4 **Bronne van interne werwing**

- Interne e-posse/Intranet/webtuistes aan personeel√
- Mededeling (Word of mouth)√
- Besigheidsnuusbriewe/sirkulêre√
- Interne/bestuur verwysings√
- Kennisgewingsborde√
- Internebulletins√
- Aanbevelings van huidige werknemers√
- 'Head hunting' binne die besigheid/organisasie se databasis.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met bronne van interne werwing.

**LET WEL : Sien slegs die eerst TWEE (2) na.** **(2 x 1) (2)**

4.5 **Keuringsprosedure as 'n menslikehulpbronne aktiwiteit**

**OPSIE 1**

- Bepaal billike assesseringskriteria√ waarop die keuring gebaseer sal wees. √
- Aansoekers moet die aansoekvorms/curriculum vitae en gesertifiseerde afskrifte indien√ van persoonlike dokumente/ID's/bewys van kwalifikasies, ens. √
- Sorteer die dokumente/CV's√ ontvang volgens die assesserings-/ keuringskriteria. √
- Sif/Bepaal watter aansoeke√ aan die minimum werkvereistes voldoen en skei dit van die res. √
- Voorlopige onderhoude word gevoer√ indien baie geskikte aansoeke van toepassings was. √
- Referente-kontrole moet gedoen word√ om die inhoud van CV's te verifieer, bv. kontak vorige werkgewers om werkservaring te bepaal√.
- Stel 'n kortlys op√ van potensiële kandidate wat geïdentifiseer is. √
- Kandidate op die kortlys kan aan verskillende tipes keuringstoetse onderwerp word√, bv. vaardigheidstoetse, ens. √
- Nooi kandidate op die kortlys√ vir 'n onderhoud. √
- 'n Skriftelike aanbod√ word aan die gekose kandidaat gemaak. √
- Lig onsuksesvolle aansoekers in√ oor die uitkoms van hul aansoek./Sommige advertensies dui die sperdatum aan om slegs suksesvolle kandidate in te lig. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbronne aktiwiteit.

**OF**

**OPSIE 2**
- Ontvang dokumentasie√, bv. aansoekvorms en sorteer dit volgens die kriteria van die werk. √
- Evalueer CV's√ en skep 'n kortlys/Sif die aansoekers. √
- Gaan inligting op die CV's na√ en kontak die verwysings/referente. √
- Doen voorlopige siftingsonderhoude√ om aansoekers wat nie geskik is vir die werk nie, te identifiseer, alhoewel hulle aan al die vereistes voldoen. √
- Assesseer/Toets kandidate√ wat aansoek gedoen het vir senior posisies/om te verseker die beste kandidaat word gekies. √
- Voer onderhoude√ met kandidate op die kortlys.√
- 'n Skriftelike aanbod√ word aan die gekose kandidaat gemaak. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die keuringsprosedure as ʼn menslikehulpbronne aktiwiteit.

**LET WEL: Die prosedure kan in enige volgorde wees. Maks (8)**

4.6 **Besigheidsfunksies en Gehaltesirkels**

4.6.1 **Besigheidsfunksies**

| BESIGHEIDSFUNKSIES | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. Finansiële funksie√√ | - Hulle berei hul eie finansiële verslae voor om akkurate belastingbetalings te verseker.√ |
| 2.Openbarebetrekkinge funksie √√ | - PO het vinnig gereageer toe een van hulle kliënte nie met hul diens gelukkig was nie.√ |
| Submaks (4) | Submaks (2) |

**LET WEL:**
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Ken punte toe vir die besigheidsfunksie selfs indien die aanhaling onvolledig is.**
3. **Moet nie punte vir die motivering toeken indien die besigheidsfunkise verkeerd geïdentifiseer is nie. Maks (6)**

4.6.2 **Belangrikheid van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels**
- Los probleme op wat verband hou met gehalte/kwaliteit en implementering van verbeteringe. √√
- Ondersoek probleme en stel oplossings voor vir bestuur. √√
- Verseker dat daar geen duplisering van aktiwiteite/take in die werkplek plaasvind nie. √√
- Maak voorstelle vir die verbetering van stelsels en prosesse in die werkplek. √√
- Verbeter die kwaliteit van produkte/dienste/produktiwiteit deur gereelde hersiening van kwaliteitsprosesse. √√
- Moniteer/versterk strategieë om die goeie bedryf van besigheidsaktiwiteite te verbeter. √√
- Verminder koste van ontslag op die langtermyn. √√
- Gehalte/Kwaliteit sirkels bespreek maniere om die gehalte van werk/ vakmanskap te verbeter. √√
- Dra by tot die verbetering en ontwikkeling van die organisasie. √√
- Verminder koste/verkwistende pogings in die langtermyn. √√
- Verhoog die vraag na produkte/dienste van die onderneming. √√
- Skep harmonie en hoë prestasie in die werkplek. √√
- Bou 'n gesonde werkplekverhouding tussen die werkgewer en werknemer. √√
- Verbeter die werknemers se lojaliteit en toewyding aan die organisasie en sy doelwitte. √√


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- Verbeter werknemers se kommunikasie op alle vlakke van die besigheid. √√
- Ontwikkel 'n positiewe houding/gevoel van betrokkenheid by besluitnemings-prosesse van die dienste aangebied.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die belangrikheid van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.

**Maks (4)**

**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 4 | PUNTE |
|---|---|
| 4.1 | 6 |
| 4.2 | 6 |
| 4.3.1 | 2 |
| 4.3.2 | 6 |
| 4.4 | 2 |
| 4.5 | 8 |
| 4.6.1 | 6 |
| 4.6.2 | 4 |
| TOTAAL | 40 |

**TOTAAL AFDELING B: 80**

ÉcoleBooks

**AFDELING C**

**Sien slegs die EERSTE vraag na.**

**VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWING (WETGEWING)**

5.1 **Inleiding**

- BBSEB is ingestel om die meerderheid Suid-Afrikaners in die hoofstroom van die ekonomie in te bring.√
- Dit het die aantal swart mense wat die ekonomie bestuur/besit/beheer verhoog.√
- Die BBSEB pillare stel die regering instaat om rykdom oor alle populasiegroepe te verprei.√
- Sake-/Ondernemings- en verskafferontwikkeling stel groot besighede in staat om besighede en verskaffers in swart besit te bemagtig.√
- Besighede is verplig om aan die vereistes van die Wet te voldoen of strafmaatreëls vir nienakoming in die gesig te staar.√
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met SEB/BBSEB/ implikasies van BBSEB pillare op besighede/ strafmaatreëls vir nienakoming van BBSEB.

**Enige (2 x 1) (2)**

5.2 **Onderskeid tussen SEB en BBSEB**

| **SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB)** | **BREË BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (BBSEB)** |
|---|---|
| - Dit is 'n regeringsbeleid√ wat nie afdwingbaar is nie.√ | - Dit is 'n wet√ wat afdwingbaar is/aanvoldoen moet word deur besighede.√ |
| - Bevoordeel slegs 'n paar voorheen-benadeelde mense√ in die ekonomie.√ | - Moedig 'n wyer groep voorheen benadeelde mense/swart vroue/mense met fisiese uitdagings/jeug/mense in afgeleë gebiede√ om aan die ekonomie deel te neem.√ |
| - Min voorheen benadeelde individue deel in die rykdom√ van die ekonomie.√ | - Doel is om land se rykdom te verdeel√ oor 'n breër spektrum van die samelewing.√ |
| - Fokus op drie pilare√ wat nie alle voorheen benadeelde mense insluit nie.√ | - Fokus op sewe/vyf pilare√ wat alle sektore van die samelewing, veral voorheen benadeeldes insluit.√ |
| - Enige ander relevante antwoord wat met SEB verband hou. | - Enige ander relevante antwoord wat met BBSEB verband hou. |
| Submaks (4) | Submaks (4) |

**LET WEL:**
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die onderskeid moet duidelik wees.**
3. **Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe indien die onderskeid nie duidelik is nie/Sien slegs SEB of BBSEB na.**

**Maks (8)**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


5.3 **Impak van BBSEB op besighede**

**Positiewe/Voordele**

- Besighede wat voldoen aan BBSEB ten opsigte van die pilare√ sal hoog aangeslaan word op die SEB telkaart/kan regeringstenders kry.√
- Moedig besighede aan om die eise van regstelling√ en gelykheid direk aan te spreek.√
- Voorsien 'n verskeidenheid sakekodes√ om indiensnemingsgelykheid te verbeter.√
- Voorsien geleenthede vir/Bemagtig voorheen benadeelde werknemers√ deur sosio-ekonomiese prosesse wat op opheffing gefokus is.√
- Voorsien vir menslikehulpbron-ontwikkeling√ deur opleiding.√
- Bevorder sake-ontwikkeling√, deur entrepreneursvaardighede van voorheen benadeelde/aangewese mense te ontwikkel sodat hulle hul eie besighede kan begin.√
- Besighede sal 'n goeie oorsig kry van hul prestasie√ in terme van die nasionale vereistes van die land.√
- 'n Goeie BBSEB-telling√ sal die besigheid se beeld verbeter.√
- Deur te fokus op BBSEB, toon die besigheid toewyding√ jeens die maatskaplike/ sosiale/opvoedkundige/ekonomiese ontwikkeling in gemeenskappe/land.√
- As die besigheid een keer gegradeer is, sal hulle verstaan hoe om BBSEB-strategieë te ontwikkel√ wat hul BBSEB-tellings op 'n jaarlikse basis sal verbeter.√
- Frontering ('Fronting') word ontmoedig√, omdat dit kan lei tot die diskwalifikasie van 'n besigheid se totale telkaart/BBSEB-status.√
- Besighede wat voldoen aan BBSEB se aandeelpryse kan moontlik styg√, want hulle kan meer besigheid lok/kry.√
- Besighede wat Klein, Mikro, Medium Ondernemings (KMMO's) ondersteun√, kan hul eie SEB-gradering verbeter.√
- Deur te voldoen aan BBSEB vereistes kry besighede ondervinding/blootstelling√ om sodoende beter werksgeleenthede/personeelontwikkeling te skep.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die positiewe impak/ voordele van BBSEB op besighede verband hou.

**EN/OF**

**Negatiewe/Nadele**

- Besighede moet deur die proses gaan waardeur hulle BBSEB-voldoening gemeet/geverifieer word√ deur 'n onafhanklike BBSEB-verifiëringsagentskap.√
- Besighede wat met die regering sake wil doen√, moet hul BBSEB-status jaarliks laat assesseer.√
- Voorsien vir voorkeurverskaffing√, wat sekere besighede dus uitsluit van die verskaffing van goedere/dienste.√
- Prosesse kan lei tot korrupsie/nepotisme√, as dit nie behoorlik gemonitor word nie.√
- Vele besighede is al deur SEB-graderings benadeel√, omdat hulle nie in staat was om aan al die vereistes van die gradering te voldoen nie.√
- Prosesse en prosedures kan baie duur wees vir 'n besigheid√, omdat daar baie wetlike vereistes is om 'n gradering te behaal wat voldoende is.√
- Besighede kan groot finansiële implikasies ondervind/boetes betaal√, as hulle nie voldoen aan BBSEB nie.√
- Besighede moet geld spandeer in areas wat deur die sewe/vyf pilare van BBSEB vereis word√ om goeie BBSEB-graderings te kry.√

- Beleggings-/en eienaarskapskwessies√ kan ongelukkigheid onder huidige aandeelhouers veroorsaak.√
- -Enige ander relevante antwoord wat met die negatiewe impak/nadele van BBSEB op besighede verband hou.

**Maks (10)**

5.4 **Implikasies van die BBSEB-pilare op besighede**

5.4.1 **Bestuur**

- Besighede moet verseker dat transformasie√ op alle vlakke geïmplementeer word.√
- Stel swart mense√ in senior uitvoerende-/bestuursposisies aan.√
- Betrek swart mense√ in die besluitnemingsproses.√
- Verseker dat swart vrouens√ in bestuur verteenwoordig word.√
- Besighede verdien punte in beide bestuur en eienaarskap√ as hulle meer as 25% van hul aandele aan swart beleggers verkoop sodat sommige van hulle direkteure kan word.√
- As gevolg van 'n tekort aan vaardige swart bestuurders/direkteure√, vind sommige besighede dit moeilik om swart aanstellings te maak.√
- Besighede word direk gepenaliseer√ as hierdie pilaar nie geïmplementeer is nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die implikasies van bestuur as 'n BBSEB-pilaar verband hou

Submaks (6)

5.4.2 **Eienaarskap**

- Besighede behoort swart mense√ in aandeelhouding/vennootskappe/franchises in te sluit.√
- Vrygestelde Mikro Ondernemings (VMO/'EME's) met 'n swart eienaarskap van 50% of meer√ word na vlak 3 op die SEB-telkaart bevorder.√
- Meer geleenthede word vir swart mense geskep√ om eienaars/entrepreneurs te word.√
- Moedig klein, swart beleggers aan√ om in groot maatskappye te belê en deel in eienaarskap.√
- Groot besighede behoort gesamentlike ondernemings met klein besighede in swart besit te vorm√ om sake-risiko's te deel.√
- Besighede vind dit soms moeilik√ om gepaste plaaslike swart sakevennote/ aandeelhouers te kry.√
- Baie swart mense kan nie aandele/bydraes√ tot vennootskappe bekostig nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die implikasies van eienaarskap as 'n BBSEB-pilaar verband hou.

Submaks (6)

5.4.3 **Ondernemings en verskafferontwikkeling ('ESD')**

- Besighede moet werk skep√ omdat ESD plaaslike vervaardiging aanmoedig.√
- Besighede word aangemoedig om KMMO's in swart besit√ te ondersteun/belê.√
- Bydraes kan finansieel wees√, bv. lenings/beleggings/donasies.√
- Bydraes kan nie-finansieel wees√, bv. konsultasiedienste/advies/entrepreneurs-programme√, ens.
- Dienste kan uitkontrakteer word√ aan verskaffers wat aan BBSEB voldoen.√
- Identifiseer verskaffers in swart besit√ wat in staat is om goedere en dienste te lewer.√


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- Ontwikkel besigheidsvaardighede van klein/swart verskaffers√, bv. verkoops-tegnieke, regsadvies√, ens
- Ondersteun klein/swart verskaffers se kontantvloei√ deur voorkeur-betaalterme aan hulle te bied.√
- Besighede behoort in KMMO's in swart besit√ te belê/hulle te ondersteun.√
- KMMO's kan aangemoedig word om eie besigheidsinisiatiewe te gebruik√ om hulself volhoubaar te maak.√
- Ontwikkel en implementeer√ 'n verskafferontwikkelingsplan/verskaffersketting.√
- Groot/Klein besighede kan dalk nie bekostig√ om in ondernemingsontwikkeling te belê/ondersteun nie.√
- KMMO's in swart besit kan dalk te afhanklik raak√ van die ondersteuning van ander besighede/nie in staat wees om eie inisiatief te neem nie.√
- BBSEB-verskaffers kan dalk nie goeie√ vakmanskap/werksetiek hê nie.√
- Kleiner besighede wat nie aan BBSEB voldoen nie√ verloor besigheid.√
- Besighede word gedwing√ om te kies uit 'n kleiner poel van verskaffers.√
- Enige ander relevante antwoord wat met die implikasies van ondernemings- en verskaffer-ontwikkeling as 'n BBSEB-pillaar, verband hou

Submaks (6)
**Maks (18)**

5.5 **Strafmaatreëls vir die nienakoming van die BBSEB**.

- Besigheidsinskrywings kan gevangenisstraf kry vir nie-nakoming en voorspanpraktyke.√√
- Die boete kan 'n boete van tot 10% van die maatskappy se jaarlikse omset wees.√√
- 'n Besigheid kan verbied word vir deelname aan regering kontrakte vir 'n tydperk van 10 jaar.√√
- Besigheidslisensies mag nie herhaal word nie en magtigings mag nie uitgereik word nie.√√
- Die regering sal enige gekontrakteerde kontrak kanselleer wat gebaseer is op vals inligting aangaande BBSEB status.√√
- Besighede wat versuim om minstens 40% van die nakoming van eienaarskap, vaardigheidsontwikkeling en nuwe onderneming en verskaffersontwikkeling te behaal, sal outomaties op 'n vlak afgegradeer word.√√
- Enige ander relveante antwoord wat verband hou met strafmaatreëls vir die nienakoming van die BBSEB.

**Maks (10)**

5.6 **Gevolgtrekking/Slot**

- BBSEB spreek die ekonomiese deelname van voorheen benadeelde mense in die Suid- Afrikaanse ekonomie aan. √√
- Om 'n goeie telling/gradering te verkry, sal besighede geld moet spandeer in areas wat deur die BBSEB pillare gedek word.√√
- 'n SEB-telkaart word gebruik om die BBSEB-status van 'n besigheid te bepaal. √√
- Strafmaatreëls vir nienakoming mag ʼn negatiewe finansiële implikasie op besighede hê.√√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met SEB/BBSEB/ implikasies van BBSEB pillare op besighede/ strafmaatreëls vir nienakoming van BBSEB

**Enige (1 x 2) (2)**
**[40]**

**VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING**

| BESONDERHEDE | MAKSIMUM | TOTAAL |
|---|---|---|
| Inleiding | **2** | **Maks 32** |
| Onderskei tussen SEB EN BBSEB | **8** | |
| Impak van BBSEB op besighede | **10** | |
| Implikasie van :<br>o Bestuur<br>o Eienaarskap<br>o Ondernemings- en verskafferontwikkeling | **18** | |
| Strafmaatreëls vir nienakoming | **10** | |
| Gevolgtrekking | **2** | |
| **INSIG** | | **8** |
| Struktuur en uitleg | **2** | |
| Analise/interpretasie | **2** | |
| Sintese | **2** | |
| Oorspronklikheid | **2** | |
| **TOTALE PUNTE** | | **40** |

SASO - vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie

.

**VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)**

6.1 **Inleiding**

- Kwaliteit is die vermoë van ŉ produk/diens om die behoeftes van verbruikers te bevredig.√
- Vervaardigde goedere se kwaliteit moet deur die hele produksiesiklus verseker word.√
- Gehalte bestuur moet nie slegs ŉ inspeksieproses wees nie, maar moet deel word van die kultuur van die besigheid.√
- Totale gehalte hou verband met produkte wat verbruikers se behoeftes en verwagtinge heeltemal bevredig in elke aspek op ŉ deurlopende basis.√
- Die produksiefunksie maak staat op die gehalte van grondstowwe wat gekoop word deur die aankopefunksie om sodoende goeie gehalte produkte te vervaardig. √
- Die rasionaal vir die implementering van Totale Gehaltebeheer is daarop gemik om die produk die eerste keer reg te kry.√
- TGB help om teen ŉ laer koste te ontwerp/vervaardig/ kwaliteitprodukte te verskaf.√
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met gehalteversekering/ gehaltebestuur en gehalteprestasie/ totale klante-tevredenheid/ voldoende finansiering en kapasiteit / gehalte-aanwysers van die aankopefunksie en die produksiefunksie.

**Enige (2x1) (2)**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


6.2 **Betekenis van gehalteversekering**

- Kontroles word uitgevoer gedurende√ en na afloop van die produksieproses.√
- Verseker dat daar aan die vereiste standaarde√ in elke stadium van die produksieproses voldoen word.√
- Prosesse is in plek om te verseker dat die gehalte van produkte/dienste/ stelsels voldoen aan voorafbepaalde standaarde√ met minimum defekte/ oponthoude/tekortkominge.√
- Verseker dat elke proses daarop gemik is om die produk vir die eerste keer reg te kry√ en voorkom dat foute gemaak word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehalteversekering.

**Maks (6)**

6.3 **Onderskeid tussen gehaltebestuur en gehalteprestasie**

| GEHALTEBESTUUR | GEHALTEPRESTASIE |
|---|---|
| - Tegnieke/ instrumente√ wat gebruik word om die ontwerp/ gehalte van produkte te verbeter.√ | - Totale prestasie van elke afdeling word gemeet√ teen gespesifiseerde standaarde.√ |
| - Kan gebruik word vir verantwoordbaar - heid √ binne elke besigheidsfunksie.√ | - Kan bereik word as alle afdelings saamwerk √ na dieselfde gehaltestandaarde..√ |
| - Is daarop gemik om te verseker dat die gehalte van goedere/dienste√ konstant is √ / Fokus op die maniere√ om konsekwentheid te verkry.√ | - Kwaliteit word gemeet√ deur fisiese produkte/statistiese uitsette van prosesse/vraelyste van gebruikers en/of kopers van produkte/dienste.√ |
| - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehaltebestuur. | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehalteprestasie. |
| Submaks (4) | Submaks (4) |

**LET WEL: 1. Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
**2. Die onderskeid moet duidelik wees maar hoef nie gekoppel te wees nie .**
**3. Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe indien veskille nie duidelik is nie / Sien slegs of gehaltebestuur of gehalteprestasie na.**

**Maks (8)**

6.4 **Impak van TGB-elemente op groot besighede**

6.4.1 **Totale kliënte-/klante-tevredenheid op groot besighede**

**Positiewe/Voordele**

- Groot besighede gebruik marknavorsing/klante opnames√ om klante-tevredenheid te meet/monitor/klante se behoeftes te ontleed.√
- Bemark deurlopend√ die maatskappy se positiewe beeld.√
- Kan 'n toestand van totale klantetevredenheid bereik√, indien besighede gesonde besigheidspraktyke volg√ wat alle belanghebbendes/rolspelers insluit.√
- Streef daarna om klante te verstaan en aan hul verwagtinge te voldoen√ deur kruisfunksionele spanne in kritiese prosesse daar te stel.√
- Verseker dat kruisfunksionele spanne hul kernbevoegdhede verstaan√ en dit ontwikkel/versterk.√
- Kan lei tot groter verbruiker retensie/lojaliteit√ en besighede kan hoër pryse vra.√
- Groot besighede kan toegang kry√ tot globale markte.√
- Kan lei tot verhoogde√ mededingendheid/winsgewendheid.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe /voordele van totale kliënte/klante-tevredenheid as 'n TGB element op groot besighede

**EN/OF**

**Negatiewe/Nadele**
- Werknemers wat selde met klante in aanraking kom√, het dikwels nie 'n duidelike begrip van wat klante se behoeftes sal bevredig nie.√
- Monopolistiese maatskappye het 'n groter bedingingsmag, √ en het dus nie nodig om altyd klante tevrede te hou nie.√
- Nie alle werknemers is betrokke by/toegewyd√ aan totale klante-tevredenheid nie.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe/nadele van totale kliënte/klante-tevredenheid as 'n TGB element op groot besighede.

Submaks (8)

6.4.3 **Voldoende finansiering en kapasiteit**
**Positiewe/Voordele**
- Groot ondernemings het genoegsame finansiering√ om alles te toets voor implementering.√
- Hulle kan bekostig om stelsels in plek te hê√ om foute in prosesse/defekte in grondstowwe/produkte te voorkom.√
- Kan produknavorsing/marknavorsers bekostig√ om inligting te versamel.√
- Kan bekostig om kwaliteit grondstowwe√ en toerusting aan te koop.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe/voordele van voldoende finansiering en kapasiteit as 'n TGB-element.

**EN/OF**

**Negatiewe/Nadele**
- As die vraag na die maatskappy se produk toeneem, begin die bestellings vinniger as wat verwag word√, en die maatskappy het nie die kapitaal wat benodig word om die voorraad te finansier om die bestellings te vul nie.√
- Hierdie vinnig groeiende maatskappye kan groot hoeveelhede kapitaal verbruik√ as hulle probeer om normale bedrywighede en uitbreiding te balanseer.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe/nadele van voldoende finansiering en kapasiteit as 'n TGB-element.

Submaks (8)
**Max (16)**

6.5 **Gehalte-aanwysers van die aankopefunksie en die produksiefunksie**
6.5.1 **Gehalte-aanwysers van die aankopefunksie**
- Koop grondstowwe in grootmaat teen laer pryse. √√
- Kies betroubare verskaffers wat die beste gehalte grondstowwe / kapitaalgoedere teen billike pryse lewer. √√
- Plaas bestellings betyds en volg gereeld op om te verseker dat goedere betyds afgelewer word. √√
- Effektiewe koördinasie tussen aankope- en produksiedepartemente sodat aankopepersoneel die vereistes van die produksieproses verstaan. √√
- Vereiste hoeveelhede moet afgelewer word op die regte tyd en plek. √√
- Implementeer en handhaaf voorraadbeheerstelsels om die sekuriteit van voorraad te verseker. √√
- Handhaaf optimale voorraadvlakke om te veel voorrraad te voorkom/verouderde voorraad te verminder. √√
- Monitor en rapporteer oor minimum voorraadvlakke om voorraadtekorte te voorkom. √√


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


- Doeltreffende gebruik van stoorplek en handhawing van produkkwaliteit terwyl dit in die stoor is. √√
- Betrek verskaffers in strategiese beplanning/produkontwerp/materiaalkeuse/ gehaltebeheerproses. √√
- Verseker dat daar geen produksieonderbreking is as gevolg van voorraadtekorte nie. √√
- Vestig verhoudings met verskaffers sodat hulle in lyn is met die besigheid se visie / missie / waardes. √√
- 'n Deeglike begrip van die bestuur van die verspreidingskanaal hê.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehalte-aanwysers van die aankopefunksie wat besighede kan gebruik om mededingend te bly.

Submaks (8)

6.5.2 **Gehalte-aanwysers van die produksiefunksie**

- Voorsien hoë kwaliteit dienste/produkte volgens spesifikasies. √√
- Die produksie-/bedryfsprosesse van 'n besigheid moet korrek gedoen word deur behoorlike produksiebeplanning en -beheer. √√
- Produkte en dienste moet teen die laagste moontlike koste vervaardig word om maksimum winste te verky. √√
- Besighede moet die rol en verantwoordelikhede duidelik aan die produksie-werkers kommunikeer. √√
- Produkte moet aan klante se vereistes van veiligheid, betroubaaheid en duursaamheid voldoen. √√
- Besighede moet goeie na-verkopedienste en waarborge lewer.√√
- Bemagtig werkers sodat hulle trots kan wees op hul vakmanskap. √√
- Kry akkreditasie van die SABS/ISO 9001 om te verseker dat gehalteprodukte geproduseer word. √√
- Spesifiseer die produk/ diens se standaarde en neem kennis van die faktore wat verbruikers gebruik om gehalte te beoordeel. √√
- Implementeer gehaltebeheerstelsels om te verseker dat gehalte produkte deurlopend vervaardig word. √√
- Benut masjiene en toerusting optimaal. √√
- Akkurate berekening van produksiekoste. √√
- Kies die toepaslike produksiemetode bv. massa / lot / stukwerk. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehalte-aanwysers van die produksiefunksie wat besighede kan gebruik om mededingend te bly.

Submaks (8)
**Maks (16)**

6.6 **Gevolgtrekking**

- Gehalte is belangrik sodat 'n besigheid volhoubaar kan wees.√√
- Gehaltebeheer in alle departemente is 'n vereiste vir die sukses van 'n besigheid.√√
- Elke besigheid moet 'n gehalte bestuurstelsel hê wat verseker dat stelsels en prosesse korrek en veilig uitgevoer word.√√

- Dit is belangrik dat besighede 'n behoorlike stelsel vir die bestuur van gehalte het, byvoorbeeld TGB wat die koste verlaag en die winste sal verhoog.√√
- Die aankopefunksie en die produksiefunkie moet altyd saamwerk om te verseker dat die gehalte van produkte deurlopend verbeter .√√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met gehalteversekering/ gehaltebestuur en gehalteprestasie/totale klantetevredenheid/voldoende finansiering en kapasiteit/gehalte-aanwysers van die aankopefunksie en die produksiefunksie.

**Enige (1 x 2) (2)**
**[40]**

**VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTE**

<table>
<tr><th>BESONDERHEDE</th><th>MAKSIMUM</th><th>TOTAAL</th></tr>
<tr><td>Inleiding</td><td>2</td><td rowspan="6">Maks 32</td></tr>
<tr><td>Betekenis van gehaltversekering</td><td>6</td></tr>
<tr><td>Onderskei tussen gehaltebestuur en gehalteprestasie</td><td>8</td></tr>
<tr><td>Impak van TGB elemente op groot besighede:<br>o Totale kliënte-/klante-tevredenheid<br>o Voldoende finansiering en kapasiteit</td><td>16</td></tr>
<tr><td>Gehalte-aanwysers van die aankopefunksie en die produksie-funksie</td><td>16</td></tr>
<tr><td>Gevolgtrekking</td><td>2</td></tr>
<tr><td>INSIG</td><td></td><td rowspan="5">8</td></tr>
<tr><td>Struktuur en uitleg</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Analise/interpretasie</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Sintese</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Oorspronklikheid</td><td>2</td></tr>
<tr><td>TOTALE PUNTE</td><td></td><td>40</td></tr>
</table>

SASO - vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM